13 MEI 2018 *Moedersdag*

09:00 Erediens – Pinkster
Prof Nelus Niemand

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

Moedersdag Bak-en-brou.
Onthou om 'n foto van jouself te bring.

18:00 Pinksterdiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese) – Kerk
Vr Chris Schönenberger

18:00 Kinderpinkster – Saal

19:00 Belydenisklas

20 MEI 2018 *Pinksterfees!*

09:00 Caritas Sondag
Immanuel van Tonder
Affies Meisieskoor tree op

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

18:00 Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)
Peet Crous

19:00 Belydenisklas
Ander geloofsgewoontes. *Kleingroepe*

Belydenisaflegging

Aansoek vir belydenisaflegging op 20 Mei 2018 **sluit vandag**. E-pos asseblief so gou moontlik jou aansoekvorm aan bets@nglynnwood.co.za.

Rachelle Visser word as Sekundus-kerkraadslid vir Nuwe Generasie tydens die aanddiens van 27 Mei bevestig.

Fay bied Pinkster aan by NG Rooihuiskraal.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Pinksterdiens** 09:30 (Lynnwood Oord). (Sien program op voorblad 🕯) **Kinderpinkster** 18:00 (Saal). **Pinkster** 18:00 (Kerk).
Dinsdag:	**Pinksterdiens** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Kinderpinkster** 18:00 (Saal). **Pinkster** 18:00 (Kerk).
Woensdag:	**Pinksterdiens** 09:30 (Lynnwood Oord). **Kinderpinkster** 18:00 (Saal). **Pinkster** 18:00 (Kerk). **Kerkraadagenda sluit.**
Donderdag:	**Pinksterdiens (Nagmaal)** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Kinderpinkster** 18:00 (Saal). **Pinkster** 18:00 (Kerk).
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Peet van Staden, voorheen van Om-de-Berg 406, Lynnwood – oorlede. Begrafnis was Dinsdag.

Dolf Brynard, Wilgers Aftree-Oord 166, Trollopestraat, Willow Park Manor, 012 813 8217 (voorheen in Lynnwood gewoon) – herstel na skouer-breuk.

Thys van der Walt en gesin, Acornweg 418, Lynnwood, 082 421 8033 – dogter Annelie Bekker oorlede. Begrafnis is Woensdag 11:00 in die kerk.

Bybelstudiereeks: Halwe waarhede in die Christendom (Adam Hilton)

Almal word hartlik uitgenooi na 'n Bybelstudiereeks om 08:30 by die kerk:

22 Mei: God het dit gesê, ek glo dit, en dis hoe dit is (A21).
29 Mei: Toon liefde teenoor die sondaar; haat die sonde (A21).

27 Mei 2018 – Gesinsdiens!

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Nuwe Generasie hemde te koop @ R150. Bestel jou hemp by die kerkkantoor 012 348 1245.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week: Dancemaker

Die dokumentêre film *Dancemaker* (1998) bekyk die lewe en werk van die internasionaal bekende choreograaf Paul Taylor. ’n Greep uit die film handel oor Taylor en sy groep dansers wat genooi word om in Indië op te tree. Hulle berei met die oog daarop ’n nuwe werk voor. Die voorbereiding begin deur Taylor en die dansers wat indringend na die musiek sit en luister om al die fyn nuanses te hoor. Nadat hulle hulself in die musiek verdiep het, staan Taylor op en begin om spontaan beweging uit te voer. Een vir een staan die ander dansers op; eers volg hulle Taylor se bewegings en dan gee hulle hul eie interpretasie aan sy bewegings en die musiek. Die dans wat ontwikkel, is nie die resultaat van een persoon se skeppende vermoë nie, maar dit is ’n gesamentlike skepping van die groep.

Hierna volg die inoefening van die stuk wat ’n lang en moeisame proses is. Dit kos bloed, sweet en trane! Hierdie fase van die produksie gaan gepaard met beserings, lang werksure en min vrye tyd, en die nougesette volg van ’n streng dieet. Iemand lewer soos volg kommentaar hierop: “But the dancers understand this paradoxical truth: without discipline there can be no freedom to dance. Their dedication symbolizes their love, and their love is reflected in their disciplne.”

En toe vertrek die groep na Indië. Die groot aand, die première breek aan. Die teater is stampvol in afwagting op iets spesiaal van die meester en sy dansgroep. Die ligte verdof, die musiek begin oor die klankstelsel speel, en die dansers se ritmiese bewegings vloei saam met die musiek… En toe, skielik, hou die musiek op met speel. Die volgende kameraskoot fokus op die verhoogbestuurder en die deurmekaarspul agter die verhoog. Die verhoogbestuurder druk paniekerig elke moontlike knoppie op die beheerpaneel terwyl sy probeer uitmaak waarom daar geen klank is en waarom die bandmasjien nie loop nie.

Die kameraskoot skuif na die verhoog. Daar is steeds geen klank nie, maar die dansers is nog aan die dans! Daar is nie ’n sweempie van vrees of verwarring op hul gesigte te sien nie. Dit is asof hulle met nog groter intensiteit luister, met hul hele liggame luister na die musiek. En alhoewel die musiek onhoorbaar is, kan hulle nog dans, want hulle het ’n intieme kennis van die musiek. Dit leef in hulle!

Die kamera beweeg terug na die gebeure agter die verhoog. Dit kom voor asof die probleem opgelos is. Die tegnici gee vir die verhoogbestuurder ’n aanduiding dat alle verbintenisse herstel is en dat sy die knoppie kan druk vir die bandmasjien om te speel. Toe sy op die punt staan om die bandmasjien se knoppie te druk, besef sy dat die dansers aanhou dans het terwyl die bandmasjien stilgestaan het … Die plek in die musiek waar die bandmasjien sou hervat, was nie meer in pas met die dansers nie …

En toe onthou die verhoogbestuurder dat daar ’n tweede bandmasjien wat met batterye werk aan die stelsel gekoppel is en wat met die eerste een gesinkroniseer is om as rugsteun vir die eerste bandmasjien te dien. Hierdie tweede bandmasjien het nog die heeltyd tydens die kragonderbreking geloop. Die tegnici help haar om die omskakeling na die tweede bandmasjien te doen. Sy druk die speelknoppie; die musiek kom aan; en die dansers en die musiek is volmaak in pas. Die dansers het nie ’n enkele maatslag verloor nie!

En die skare? Die skare is buite hulself van opgewondenheid en verwondering.

T-Tyd
Toe ek onlangs hierdie verhaal gelees het, het ek dadelik besef dat hierdie verhaal as ’n gelykenis van die geloofslewe kon dien. In plaas daarvan dat ek my interpretasie van hierdie gelykenis gee, wil ek jou aanmoedig om jou eie interpretasie daarvan te maak. Wat is volgens jou die betekenis van hierdie verhaal as gelykenis vir die geloofslewe?

Groete
Eric Scholtz
(Namens die predikantespan)

helplift NETWORK

EK BIED MY GAWE AAN:

Lynnwood Gemeente

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Onderwyshulp: Benodig u kind 'n AMANUENT, SCRIBE of READER vir toetse en/of eksamen? Ekstra klasse in GEOGRAFIE en/of BESIGHEIDSTUDIE (Gr 8 – 12)? Veral as hulle reeds of oorweeg om **vakke te verander**? Skakel 082 473 9085 / 012 348 2392 of stuur 'n e-pos aan mathilda.geyvanpittius@gmail.com

Woonstel te huur in Menlopark: ruim een slaapkamer woonstel te huur met aparte badkamer en kombuis. Beskikbaar vanaf 20 April 2018. Enkel persoon; nie-roker. R4400 per maand, elektrisiteit-meter geïnstalleer. Kontak Elise 082 950 3368.

Afgetrede gegradueerde onderwyseres is op soek na 'n deeltydse admin pos in Pretoria Oos. Ek is rekenaar vaardig en beskik oor goeie taal en skryf vaardighede in Afrikaans en Engels. Ek is tweetalig en kan ook vir laerskool leerlinge help met ekstra Engelse lesse. Skakel my asb. by 082 361 2414.

Montanac - pragtige ruim kamer ten volle toegerus met dubbelbed, sowel as ingeboude lessenaar en boekrakke. Deel badkamer met ander persoon, sowel as moderne kombuis met eie kruidenierskas. Sluit ook motorhuis in. Kontak: Rita Hartman by 083 277 8763.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of
e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.
Registrasie om te stem (2019): **10 en 11 Maart 2018** (www.elections.org.za/MyIEC/Account/Register).

Kontak-inligting: Kerkkantoor: 012 348 1245 kerkkantoor@nglynnwood.co.za.
Kantoorure: Maandae – Donderdae 07:30 – 13:00 en Vrydae tot 12:00.
Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.
Kom ons en gesels saam op Facebook by *Lynnwood Gemeente, Jeug NG Lynnwood, Nuwe Generasie (NG Lynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.*
www.nglynnwood.co.za.